e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

5 September 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 29

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Het God kanker gemaak?

'n Mens se lewenservarings kleur onwillekeurig jou uitkyk op die lewe. So vang die woordjie *kanker* dadelik my oog. Op die blog *Living Lutheran* het die volgende vraag van Melissa Dixon my opgeval. Sy vra (my vertaling*): Het God kanker, siektes en plae gemaak? Indien nie, hoekom laat Hy hierdie dinge toe?*

Iemand genaamd Annie het 'n antwoord gewaag. Sy wys daarop dat John Polkinghorne in sy boek *Quarks, Chaos and Christianity* dit stel dat die biologiese proses wat lewe moontlik maak, naamlik die vinnige verdeling van selle, presies dieselfde proses is wat kanker versoorsaak. Die proses wat die aarde laat afkoel, is dieselfde proses wat orkane veroorsaak. Job 38 sê iets in dié lyn, beduie Annie, as die Here vir Job sê dat Hy dit laat reën in 'n land waar daar geen mense is nie. Die Here wys ook vir Job in geen onduidelike terme daarop dat dit Hy is wat die leeu, die krokodil geskep het, diere wat lewensbedreigend vir die mens kan wees.

Annie sê dat die Here die heelal, ons planeet en alle lewende wesens geskep het op 'n manier wat asemrowend en beeldskoon is, maar tegelyk ook die moontlikheid van gevaar inhou. As ons glo dat die mens geskep is met 'n sekere mate van 'n ingebore vryheid van keuse en optrede, is dit bloot logies om te sê dat kieme, virusse, die plate in die aardkors wat aardbewings veroorsaak en iets soos 'n krokodil ook 'n sekere mate van vryheid in hul bestaan en optrede het. Die vryheid wat lewe moontlik maak, maak die lewe ook gevaarlik. As God sou optree soos 'n mikrobestuurder en alles "regmaak", sou die lewe nie alleen baie saai gewees het nie, maar sou daar ook allerhande konflikte ontstaan het tussen die verskillende behoeftes van al God se skeppinge op die aarde. Die spreekwoord *Die een se dood is die ander se brood* kom nogal by 'n mens op.

Annie sê dat 'n mens maar altyd in gedagte moet hou dat God nie 'n mikrobestuurder is wat byvoorbeeld ons selle opdrag gee om kankerselle te word of orkane opdrag gee om sekere stede te tref nie. Maar dit beteken nie dat God afwesig is of onbetrokke staan nie. God laat 'n mate van vryheid in die skepping toe, terwyl Hy deurgaans betrokke bly deur helend, versorgend, versterkend en vertroostend in die wêreld teenwoordig te wees.

Ek hoor Annie se antwoord op 'n baie moeilike vraag.

Ek hoor ook vir wyle dr Neels Smit, 'n goeie vriend en Gereformeerde kollega, wat voor sy dood aan kanker gesê het: *Die pad wat voor my uitgelê is, dis die pad wat ek sal loop.*

Net so hoor ek prof Theuns Dreyer, wat op 'n keer gesê het dat dinge soos kanker, natuurrampe, selfs die dood, *normaal* is. Dis deel van ons lewe hier op aarde. Wat abnormaal is, is dat ons ten spyte van dié dinge kan bly glo, bly vertrou, bly hoop.

So hoor ek my eggenote, Hanlie, twee aande voor haar dood, toe sy vir my gevra het *Etienne, is ek besig om dood te gaan?* en ek moes sê *Ja, Hanlie, jy is.* Al wat sy gesê het, was: *Oukei.* Daardie *Oukei* was abnormaal. Dit was genade.

Hanlie is vanweë kanker oorlede op 6 September 2011.

Etienne Fourie

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Prop Duwies Duvenage

Ds Jaco Dreyer

Beroep ontvang

- **Prop Duwies Duvenage** (beroepafwagtend) na Barberton (deeltyds)

Beroep aanvaar

- **Ds Jaco Dreyer** van Empangeni (deeltyds) na Bloemfontein (voltyds)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Die 70ste AKV vind plaas van Sondag 22 tot Saterdag 28 September by die Aula, Universiteit van Pretoria. Daar sal nie daardie week, op Donderdag 26 September, 'n *e-Hervormer* verskyn nie.**

- Emerituspredikant **ds Japie Jacobs** is op Sondag 1 September in die ouderdom van 87 jaar oorlede. Die begrafnisreëlings vir Saterdag 7 September is soos volg: Teraardebestelling om 10:00 op die familieplaas, Leeukloof Valley Afrit nr 28, 32 km uit op die Molotopad. Die roudiens is om 12:00 vanuit Gemeente Derdepoort, gelei deur ds Peet Swanepoel. Ons innige meegevoel gaan aan mev Joey Jacobs en hul familie.

Ds Leon en Susan Janse van Rensburg

- **Mev Susan Moore** van die Sinodale Kerkkantoor **se vader** is op Sondag 1 September oorlede na 'n redelike lang siekbed. Ons innige meegevoel gaan aan Susan, haar moeder en die res van die familie.

- Op Woensdag 21 Augustus, op pad terug van die Ringsjeugkamp in Namibië, het die motor met **ds Leon Janse van Rensburg** (Gemeente Namibkus) **se vrou, Susan, hul kinders en 'n maatjie** op 'n grondpad gerol. Drie van die kinders is taamlik ernstig beseer en met 'n ambulans-vliegtuig na Windhoek vervoer. Boonop het die een dogter, Marietta, na die ongeluk pampoentjies gekry! Ons is bly om te verneem dat dit reeds met almal beter gaan, en wens hulle baie sterkte toe.

- **Sinodale Kantoor: Gewysigde kantoorure.** Daar was verskeie versoeke van die personeel van die Sinodale Kantoor vir die instel van skiktyd. Die grootste rede vir die versoeke was dat die verkeer in die stad so erg is dat persone reeds 06:00 in die oggend op kantoor is om die drukte vry te spring. Die administrateur en ander departementshoofde het oor die saak vergader en is dit eens dat 'n aangepaste vorm van skiktyd kan werk. Personeel kies vooraf hoe laat hulle wil begin, en werk dan dienooreenkomstig hul ure in vir die dag. Daar sal sorg gedra word dat die Sinodale Kantoor ten minste van 07:00 tot 16:00 beman sal wees. Dit mag wees dat daar dalk persone tot 17:00 in die middag beskikbaar sal wees.

  Die Raad van Finansies het toestemming verleen dat skiktyd vir 'n proefperiode ingestel mag word. Daar word beoog om die nuwe kantoorure op **Maandag 9**

September in te stel. Ons sal weldra 'n volledige lys van die nuwe ure van die personeel aan gemeentes en predikante beskikbaar stel.

Ons nooi graag gemeentes en predikante uit om hul ervaring met die nuwe kantoorure met ons te deel. U kan enige terugvoer, hetsy positief of negatief, rig aan Piet Beukes by **piet@nhk.co.za** of Elmar Struwig by **elmar@nhk.co.za**.

- **Neem asseblief ook kennis dat die Sinodale Kerkkantoor op Vrydag 13 September gesluit sal wees.**

Prof Pieter Venter

- Die Fakulteit Teologie (UP) en die *HTS Teologiese Studies* het op Donderdag 29 Augustus erkenning gegee aan **prof Pieter Venter** vir sy bydrae tot die Ou-Testamentiese Wetenskap oor die afgelope 30 jaar. Prof Venter en sy vrou, Izelle, is by Kya Rosa onthaal, en 'n huldigingsbundel van *HTS Teologiese Studies* met bydraes van 29 kollegas is aan hom oorhandig. Dr Wouter van Wyk (SENTIK) het 'n voordrag gehou waarin hy 'n oorsig gebied het van prof Venter se akademiese bydrae oor die jare. Prof en mev Venter het hulle na sy aftrede in George gevestig.

Ds Hennie en mev Susan la Grange

- **Ds Hennie la Grange** se kontrak met die International Christian Maritime Association wat die ekumeniese samewerking van kerke in die bediening van seelui bevorder en koördineer, het aan die einde van Julie tot 'n einde gekom. Hy was sedert Julie 2007 Algemene Sekretaris van ICMA. Intussen vul hy tegelykertyd twee betrekkings, as pastorale konsultant van die Maritime Piracy Humanitarian Response Programme, wat pastorale en welsynsorg lewer aan seemanne en gesinne na seerowery (hy behartig die geestesorg), en as kapelaan van die Queen Victoria Seamen's Rest, 'n tehuis vir oud-seemanne en haweloses in Londen waar hy optree as geordende predikant (wat alle predikantswerk, met die uitsondering van sakramentsbediening, insluit).

Ds Leon en mev Rina Nell

- Emerituspredikant **ds Leon Nell en sy vrou, Rina,** is volgende jaar in Maart 50 jaar getroud. Ons wens die egpaar by voorbaat baie geluk!

- Tydens die vergadering van die Kommissie van die AKV op 16 Augustus is besluit dat **ds Jan Wilson** (Gemeente Klerksdorp-Suid) op 30 November 2013 kragtens Ordinansie 2.1.12.4 van sy ampsvoorreg onthef word. Daar is ook kennis geneem dat **ds Elmien Oosthuizen** (Kapelaan Pietersburg) op 2 Augustus 2013 as lidmaat en predikant van die Kerk bedank het.

Aksiegroep Gestremdheid

- **ADV SE JAAR VIR GESTREMDHEID**. **Respekteer en akkommodeer.** Moenie aanneem alle persone met gestremdhede is hulpbehoewend nie. Baie van hulle is aktiewe en produktiewe deelnemers in die arbeidsmark.

- **LOSLITDAG 6 SEPTEMBER.** Enigeen wat nog plakkers vir Loslitdag benodig, kan dit deur **TOIBO** (Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys) bekom. TOIBO kry dan R4 daarvan en die Nasionale Raad vir Gestremde Persone die ander R6. Daaruit kry TOIBO dikwels ook weer 'n bedrag geld. Kontak Arina Jooste by **toibo@nhk.co.za** of 012 320 7644, of Sonet Esterhuizen by die ADV-kantoor, 012 322 8885 x221.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Otjiwarongo: 75-jaar-viering: 6-8 September**
Vrydag 6de: Optrede deur opkomende musiekster Lisa Brönner
Saterdag 7de: Feesgeleentheid
Stalletjies, gesinsvermaak, potjiekoskompetisie en jaarlikse naggholf
Sondag 8ste: Hoeksteenonthulling en erediens
gelei deur ds Barrie Oberholzer
Vir verdere inligting, inskrywings of borge kontak ds Elritia le Roux
+264 876 3664 of e-pos **propeleroux@gmail.com**

- **Gemeente Sannieshof: Feesnaweek: 6-8 September**
  Vrydag 6de en Saterdag 7de: Mielie Makietie 2013 met Adam Tas
  (Sien Basaars en markte, bladsy 8, vir meer inligting hieroor)
  Sondag 8ste: Uitreik met Geloof-in-aksie Motorfietsklub
  Ds CJ van Wyk van Randburg lei die erediens
  Navrae aan ds Paul Kern by 082 494 5347
  of stuur 'n e-pos aan Elsa by **elsaj@lantic.net**

- **Gemeente Witfontein: 50-jaar-feesvieringe: 14-15 September**
  Saterdag 14de: Almal trek tematies aan soos in 1963
  50 potjies prut stadig gaar
  Armand Thunder Merwe, The Singing Cowboy, tree op om 16:30
  Sondag 15de: Dankdiens om 09:00
  Saalkompleks se hoeksteenonthulling (na 13 jaar kontant voltooi!)
  Watter jaar vir Witfontein – 50 jaar oud, 10de Delwersfees
  en saalkompleks is voltooi!
  Navrae aan Jimmy by 083 254 4771 of Janine by 083 260 0983

- **Alle gemeentes: Sondag 15 September**
  Verootmoedigingsondag
  (Sien agterblad)

- **Gemeente Wonderboompoort: 60-jaar-viering: *Sixties***
  25, 26 en 27 Oktober
  Op kerkterrein in Eloffsdal, Pretoria
  Stuur groetewense, staaltjies, herinneringe en foto's vir gedenkblad
  Baardgroeikompetisie vir die manne
  Modeparade met toeka se klere vir die dames
  Kontak skriba Sieg Schwarzer by 012 335 4181 vir meer inligting
  Gedenkbladbydraes aan ds Carel-Johann de Bruin by **cjdb@telkomsa.net**

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met Doop Sondag
  Gedenkalbum teen R440 plus posgeld
  Kontak Dolla Coetzee by **dollacoetzee@telkomsa.net**
  of 073 170 5325 om te bestel
  Navrae aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 13 September, en word hartlik geluk gewens.**

o	Donderdag 5 September:	Ds Deirdré van der Merwe (Bethlehem/Reitz)
o	Vrydag 6 September:	Ds Paul Buitendag (Volksrust)
o	Saterdag 7 September:	Ds Kobus Müller (emeritus)
o	Sondag 8 September:	Di Cobus Jansen van Nieuwenhuizen (Hartebeeshoek) en Manda le Roux (Rietspruit)
o	Maandag 9 September:	Ds Louis Venter (Rustenburg-Tuine)
o	Woensdag 11 September:	Ds Dries Beukes (Swartkop)
o	Donderdag 12 September:	Ds Mariaan Schutte (Nieu-Seeland)
o	Vrydag 13 September:	Dr Johann Beukes (Weltevreden)

Beplande vergaderings

- Donderdag 5 September: Kommissie van die AKV
- Vrydag 6 September: Kommissie van die AKV
- Maandag 9 September: Redaksie van *Konteks*
- Dinsdag 10 September: Komitee vir die SP Engelbrecht-museum
- Donderdag 12 September: ADV Dagbestuur (telefoonkonferensie)
- Vrydag 13 September: ADV-fondsverdeling
- Saterdag 14 September: Ledevergadering NHSV Monumenttehuis

Kursusse en toerusting

- **Toerusting van predikante, kerkraad en lidmate**
  Intensiewe bejaardesorgbediening
  Saterdag 7 September 08:30 tot 11:00
  Ring van Pietermaritzburg, te Gemeente Durban-Suid
  Aangebied deur dr Hennie van Deventer
  Navrae aan prof Bieks Beukes by 072 036 4960

- **Toerusting van bejaardes in die ring van Klerksdorp**
  Tema: *Alzheimers – Hoe voorkom 'n mens dit?*
  Aangebied deur Gemeente Klerksdorp-Doringkruin se Goue Jare
  Vrydag 13 September om 10:00 by die kerk
  Tee en verversings sal bedien word
  Spreker: Dr Hilda Kleynhans (direkteur van die Noordwes-streek vir Alzheimers)
  Daar sal boeke oor Alzheimers te koop wees
  Antwoord asseblief voor of op Maandag 9 September
  Tel 018 468 5545
  Faks 086 688 7257
  E-pos **nhkdoringkruin@telkomsa.net**

Beskikbare behuising

- **Gemeente Philadelphia** het **akkommodasie** beskikbaar vir 'n **student**. Dit bestaan uit 'n privaatkamer met gemeenskaplike ablusie en kombuis. Dit is binne stapafstand van die Universiteit en daar is veilige parkering. Die koste is R2 860 per maand, wat skoonmaakdienste een maal per week insluit. Kontak Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weeksdae, of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866, of stuur 'n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za**.

- **Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville** bied enkel- en dubbelkamer-inwoning vir **bejaardes** wat nog selfversorgend kan funksioneer. Aangename huislike atmosfeer, 2 x etes ingesluit by losies, billike tariewe. Gereelde sosiale programme. Vir meer inligting, kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310.

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis-woonstelle in Parys**
  Daar is tans die volgende behuising vir senior burgers beskikbaar:
  2 x enkelkamer met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  1 x lieflike enkelkamer met eie kombuis, stoep en tuin,
  met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  R5 800 per maand
  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

- **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**
  Die volgende akkommodasie is tans beskikbaar:
  4 x kamers met eie geriewe, ontbyt en middagete ingesluit
  Geskik vir selfversorgende bejaardes wat self hul kamer en wasgoed kan doen
  Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede
  Kontak bestuurder, mev Mariana van Tonder, by 015 491 6314

- **Gratis verblyf beskikbaar tydens die AKV einde September**
  Kamer met 2 enkelbeddens (Erasmia)
  Kontak Isme (Dalton) Gates by 082 962 2870

Konserte en feeste

- **Saterdag 21 September om 09:00: Gemeente Hartebeeshoek Nataniël**
  La Louise Venue, Willem Cruywagenstraat 155
  Hesteapark, Akasia
  Koste: R170, koffie, tee en verversings na vertoning
  Kontak Lizette Goosen by 082 539 1456
  of Mariana de Villiers by 072 128 2692

- **Saterdag 5 Oktober om 14:30: Gemeente Turffontein in Johannesburg**
  Damestee: *Vrouedag* met Sonja Herholdt
  NG Kerksaal, Dalehamstraat, Mondeor, Johannesburg
  R100 per persoon
  Skakel mev Pikkie van der Westhuizen by 083 320 8262
  of Nellie Stipec by 083 449 6155 vir besprekings en besonderhede
  Verversings sal bedien word

Kampe en toere

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 1 tot 17 Mei 2014**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 7 September: Gemeente Carletonville: Gholfdag**
  Goldfields West Gholfbaan
  Skryf in vir ’n 4-bal, of borg putjies, skenk pryse, maak donasies
  Borgskap: R1 800 per putjie (sluit ’n 4-bal in en kan promosiemateriaal bevat)
  Indien slegs ’n putjie geborg word sonder die 4-bal: R1 000
  Andersins R200 per speler
  Navrae aan Ockie Brits by 082 850 7966 of Hanlie Brits by 084 512 9297

- **Donderdag 12 September: Lente-gholfdag**
  Gemeentes Silverton en Noordwestelike Pretoria
  Akasia-gholfbaan
  Inskrywingsgelde R300 per speler en R1 200 per vierbal
  Borg-’n-putjie: Kortgate R2 000, ander R1 800 (vierbal telkens ingesluit)
  Donasies ook welkom
  Kontak Stephen 083 781 2955 / Pierre 083 254 2604 / Steve 084 589 1306

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Kaapstad: *Septemberkosfees***
  Vrydag 6 September vanaf 16:30
  ME Rothmanstraat, Parow-Noord
  Pap-en-wors, pannekoek, poeding, koektafel, kerrie-en-rys, koffie en tee
  Hollandse tafel met krokette
  Vars vrugte, vetkoek, tombolatafel...
  Navrae aan Johann Smith by 076 326 1322

- **Gemeente Hartebeeshoek: Lenteloop by Fonteinedal**
  Saterdag 14 September
  In Christus se voetspore Pretloop
  Kom stap 5 km of 10 km
  Hekke open om 06:00 vir kaartjieverkope
  Pretstap begin stiptelik om 07:00
  Te koop: vetkoek-en-maalvleis, pannekoek, koffie, tee, koeldrank
  Kontantpryse en ander kleiner trekkings
  Medaljes vir almal wat die stap voltooi
  Navrae aan Elma Williams by 082 562 5244

- **Gemeente Bergsig: Bybelloop op Saterdag 19 Oktober**
  09:00 tot 11:00
  By Suiderbergskool In Denyssenlaan, Mountain View
  R20 per persoon
  Inskrywingsvorm beskikbaar by kerk of op die terrein vanaf 08:00
  Donasievorms ook beskikbaar
  Kontak ds Freddie Nortjé by 074 308 7332
  of oudl Hannes de Wet by 082 424 3560
  of Tina van der Schyff by 078 682 7093

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000 Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery**
  Geleentheid om R50 000 in te samel
  Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
  Betaal R5 000 vir pakket van R55 000
  50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
  Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!
  Trekking in Oktober 2013
  Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
  by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of **barrypret@lantic.net**
  Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei 2014, trekking 1 Junie 2014
  (Die kompetisie se sluitingsdatum van 31 Augustus 2013
  is verleng na 31 Mei 2014
  en die trekking uitgestel na 1 Junie 2014,
  omdat die kaartjieverkope tot dusver
  nie die prysgeld regverdig nie.
  Navrae aan Alida Reed by 011 826 4625
  op Dinsdae, Woensdae en Vrydae 09:30-14:00.)
  Kaartjies: R100 donasie
  1ste prys: Koedoebul, sebra, blouwildebees, 2 rooibokke, 2 blesbokke
  plus 5 dae en 4 nagte verblyf
  2de prys: Blouwildebees, sebra, rooibok, blesbok
  plus 4 dae en 3 nagte verblyf
  3de prys: Blouwildebees, rooibok, blesbok
  plus 3 dae en 2 nagte verblyf

Geborg deur Chaan Bezuidenhout
Plaas se professionele jagter kan gebruik word
Kontak Alida Reed by 082 228 3552
of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895

Basaars en markte

- **Vrydag 6 en Saterdag 7 September: Gemeente Bothaville**
  Kaboemielie-fees
  Op die kerkterrein
  Gaskunstenaar Snotkop; met Karlien, Adele Botes en meer
  Vrydagaand 6 September: Veiling
  Uitstallers te kies en keur
  Kinderland met baie pryse om te wen
  Groot pryse te wen – onder andere 10 speenkalwers
  Biertent met tuisgemaakte bier
  Street rods 'n moet-sien
  Verfbal van Vrydag tot Saterdag
  Kom deel in die *nagjag!*
  Navrae aan ds Hennie Pretorius by 084 316 4111
  of stuur 'n e-pos na **henniepretorius@lantic.net**

- **Vrydag 6 en Saterdag 7 September: Gemeente Sannieshof**
  Mielie Makietie
  Op die kerkterrein
  Gaskunstenaar Adam Tas
  8 m hoë en 100 m lange foefieslaaid
  Wen R50 000 kontant of 25 ton mielies in Wen-'n-oes-kompetisie
  2de prys: Diamant ter waarde van R20 000 of 5 ton sonneblom
  Luister na Graan Suid-Afrika se voorsitter, Jannie de Villiers
  Diamant-stormloop vir 'n diamant en talle halfedelgesteentes
  Karaoke, visvang, skyfskiet en *Fear Factor*
  Skiet met ons selfgeboude aartappelkanon en wen kontant
  Strip-jou-moer-kompetisie
  (Sondag 8 September ds CJ van Wyk van Randburg
  en sy Geloof-in-aksie Motorfietsklub)
  Kontak ds Paul Kern by 082 494 5347 of Elsa by **elsaj@lantic.net**

- **Saterdag 7 September: Gemeente El-Flora in Discovery**
  Karnaval om 10-jaar-bestaan te vier
  Heerlike eetgoed, stalletjies, vermaak vir oud en jonk
  Navrae aan Christa Saayman by 082 448 5839
  of ds Monja-Lize van Belkum by 082 786 5752

- **Saterdag 7 September: Gemeente Witfontein in Pretoria**
  10de Delwersfees
  Kerkterrein, hv Stasie- en Deetlefsstraat, Pretoria-Noord
  Tradisionele delwersfeesontbyt met kaiings-en-pap
  Poedings, koektafels, melkkos, lewerkoekies, teetuin, kerrie-en-rys, pannekoek...
  Groente, delwerskombuis, witolifanttafel, speelgoedtafels...
  Pretpark vir die kinders, skyfskiet, kettieskiet, blaaspyp...
  Outydse foto's kan geneem word
  Groot gesoek en gedelf na R50 000 se kontantpryse
  Vir die manne 'n bietjie kultuur te proe by die kultuurtafel
  Feeswyn en Delwersfeeswyn beskikbaar
  Kaartfasiliteite beskikbaar
  Delwersfeessertifikate teen R20 elk
  Beskikbaar by Paula Vermaak by kerkkantoor 012 546 5678 / 087 830 0686
  of Jimmy 083 254 4771 of Janine 083 260 0983

- **Donderdag 12 tot Saterdag 14 September: Gemeente Bergsig**
  Bergsigmark vanaf 10:00, Saterdag vanaf 08:00
  hv Karel Trichardt- & Leonidestraat, Mountain View
  Stalletjies te huur @ R200 vir die 3 dae
  Teetuin met gebak, sjokoladefontein en malvalekkers op ’n stokkie
  Etes schwarmas en pappadoms met vleisgeregte
  Saterdag
  Demonstrasies van skilderkuns deur mondskilders
  Delwersoektog, potjiekoskompetisie, skyfskiet
  Groot pryse te wen
  Kontak Tina by 078 682 7093

- **Vrydag 13 September 13:00-18:00: Gemeente Rietvallei**
  Lentejoligheid
  Te Laerskool Elarduspark
  Koeke en ander gebak, skilpadjies, kerrie-en-rys, poedings, pannekoek
  Boereworsrolle, pap-en-kaiings, koeldrank, lekkers, tee, koffie...
  Ou klere, gelukspakkies, tombola
  Kompetisies, speletjies, verfbal, springkastele
  Musiek, veiling van oudhede, ou boeke en CD’s
  Skilpadjies kan vooraf bestel word by Manie 082 572 6212
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 012 345 3143

- **Saterdag 26 Oktober: Gemeente Kempton Park-Oos**
  KPO Lekker Kuier Kontreifees
  Uitstallers en kosstalletjies
  Gaskunstenaar Die Flooze (Sorina)
  Toegang R20 per persoon
  Kom geniet ’n heerlike dag
  Kontak Anneline by 082 924 7344 of Marius by 072 778 1033

ANDER NUUS

- **VAKANTE POSTE: MAATSKAPLIKE WERKERS**
  Die Ondersteuningsraad is ’n geregistreerde welsynsorganisasie wat maatskaplike dienste lewer. Die OSR beskik tans oor vakante maatskaplikewerkposte by die volgende kantore:
  - Brakpan (2 voldagposte)
  - Elsburg (1 voldagpos)
  - Vanderbijlpark (1 6/8ste pos)

  Applikante moet aan die volgende vereistes voldoen:
  - Moet beskik oor ’n maatskaplikewerkgraad of kan ’n finalejaar (studies voltooi einde 2013) maatskaplikewerkstudent wees.
  - Moet oor ’n geldige rybewys beskik.
  - Moet by die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geregistreer wees.

  Kontakbesonderhede vir CV
  Tel 012 322 8885 x290 (mev Ansie Cromhout), faks 012 322 5787
  E-pos: **oraad@nhk.co.za**

- **VAKATURE: ASSISTENTVERPLEEGSTER**
  By Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys, Vrystaat
  Tehuis vir verswakte en selfversorgende bejaardes
  Pligte: Algemene versorging van inwoners, bedwas
  en kliniekdienste soos die neem van bloeddruk
  Vereistes: Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede
  Vorige ervaring in veld van verpleging van bejaardes sal sterk aanbeveling wees

Moet geregistreer wees by die Verpleegstersraad
Normale diensvoorwaardes
Stuur CV aan mev A Botha, faks 056 817 7525 of e-pos **hf@otmt.org**

- **BEELD-KINDERFONDS**
  - **Wen 'n Peugeot**
    SMS PEUGEOT na 32541 of SMS KINDERS na 32541
    R25 per SMS
  - **Super 10 Spinning Marathon**
    Saterdag 7 September 07:00 tot 17:00
    Centurion Mall
  - **Kerskonsert**
    Woensdag 27 November in Pretoria
    R110 en R155

  Navrae aan Adrie van Staden by 011 976 2273 / 073 749 2697
  Besoek **www.beeldkinderfonds.co.za**

- **ONDERWYSERSOPLEIDING**
  Die **Rapport Onderwysfonds** (gestig in 2003) is 'n landwye nie-winsgewende weldaadsorganisasie (NPO-041-391) wat leningsbeurse aan Afrikaanssprekende onderwysstudente gee. **Onderwystudente kan nog tot 16 September 2013 by www.rof.org.za aansoek doen om leningsbeurse vir 2014.**

- **Maandag 14 Oktober 09:00 tot 16:00**
  Predikanteseminaar
  Tema: *Tussen-Testamentêre Tydperk / Tweede Tempelperiode – stil of nie?*
  Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus
  Kamer 204, Fakulteit Teologie
  Aanbieders dr Jacobus de Bruyn, mnr Eugene Coetzer en prof Pierre Jordaan
  Alle kerkverbande se leraars word uitgenooi
  Dien as verdere opleiding vir predikante
  R320 per persoon, sluit middagete en verversings in
  Inskrywings teen **Vrydag 20 September** op die laatste
  Navrae aan dr Jacobus de Bruyn by 072 606 1661 /
  jacobus.debruyn@gmx.com

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Dis duidelik dat die inhoud van dr André Ungerer se artikel *Hou Christus die Hervormde Kerk in stand?* (*THT* Jaargang 1 Nr 3) baie swaar op 'n Amerikaanse sakemodel leun. In teenstelling met die tendens in die Kerk wys ons gemeente 'n groei in lidmaatgetalle en gepaardgaande groei in inkomste. Die gemiddelde ouderdom van ons lidmate is 38 jaar. Dit het aansienlik gedaal. Ons predikant werk al meer as 'n dekade onverpoos in die gemeente. My leke-opinie is dat geen model 'n beter resultaat kan lewer as die suiwer verkondiging van die Woord van God nie."

Charlotte Vlok

AGTERBLAD

Verootmoedigingsondag 15 September 2013

Die Kommissie van die AKV versoek die Kerk dat daar op Sondag 15 September 2013 in elke gemeente 'n erediens van verootmoediging en voorbidding gehou sal word.

Die Hervormde Kerk is die afgelope drie jaar deur ernstige verdeeldheid en partyvorming, wat in enkele gemeentes tot kerklike afskeiding gelei het, gekenmerk. Vyandskap en onchristelike optredes het die lewe van die Kerk en baie van haar lidmate ontsier. Die Kommissie oordeel dat dit gepas is dat die Kerk in elke gemeente waar daar in die erediens saamgekom word, haarself voor die Heer sal verootmoedig oor alles wat in ons eie lewe en in die lewe van ons Kerk en gemeentes verkeerd en sondig is, en dat ons onsself daardeur tot bekering sal oproep.

Voor ons lê die 70ste AKV. Tydens dié vergadering sal die Kerk diepgaande besin en worstel oor kerkwees in die veranderende wêreld. Die meeste van ons Kerk se gemeentes is vasgevang in 'n worstelstryd om finansiële oorlewing. In sommige gedeeltes van ons land is daar knellende droogte. Ons gemeenskappe word wreed geteister deur misdaad, moord en verkragting. Veral ons boerderygemeenskap is voortdurend die slagoffers van afgryslike plaasmoorde. Ons word toenemend vreemdelinge in ons eie land waar ons verarm en waar korrupsie, wanbestuur en nepotisme hoogty vier. Dit is ook gepas as ons as Kerk op dié spesifieke Sondag voorbidding doen vir die AKV, ons Kerk, gemeentes, lidmate, boere en owerhede.

Mag die Heer van die kerk ons hoor wanneer ons ons in verootmoediging voor Hom neerbuig, en mag Hy ons gebede verhoor.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel